**Vos, C & Müller, J (reds) 1994 — Menswaardig**

Halfway House: Orion. 237 bladsye. Prys: onbekend

**Resensent: Ds Erna Oliver**

Hierdie is die vierde publikasie van 'n reeks getitel: 'God, mens en wêreld'. Die doel van hierdie publikasie is om met 'n ietwat ongewone aanslag, die mens tot die besef te bring dat God die mens tot menswaardigheid bestem het te midde van 'n 'puinhoop van menseverwoesting'. Die ongewoonheid van die publikasie, wat moontlik tot gevolg sal hê dat potensiële lesers die boek aanvanklik nie na waarde skat nie, is die eerste afdeling van die boek waar in 55 bladsye 'n wyer perspektief op die begrip 'menswaardigheid' gegee word deur 'n digter, regsgeleerde, sielkundige en filosoof. Hoewel hierdie deel met die eerste oog opslag onnodig lyk, is dit tog belangrik as agtergrond vir die tweede en groter gedeelte waar 17 preekontwerpe oor hierdie onderwerp aan die beurt kom. Verskeie bekendes in akademiese kringe het hierin bydraes gelewer. Opvallend is dat elkeen se vakgebied en 'skool' van opleiding duidelik sigbaar is in die preekontwerpe.

Dit is moontlik om die boek vrugbaar te gebruik, maar lesers moet nie die fout maak om te dink dat hier maklik kopieërbare preekstof is wat net reg is vir gebruik op die preekstoel nie. Deeglike studie van die materiaal sal wel met groot vrug in preekmateriaal gebruik kan word. In die tyd waarin ons leef, is hierdie 'n aktuele onderwerp wat op 'n nuwe manier aangebied is en derhalwe word die publikasie aanbeveel.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services